

# TOPKWALITEIT, TOPDIENS EN 'N TOPSPA

soulstice
day spa · pretoria

## BY LOMBARDY ESTATE & HEALTH SPA






Die mees onlangse byvoeging tot die *Spas of Distinction Collection*, volg in die voetspore van voorste spa's, soos die *Life Day Spa* (Crystal Towers, Kaapstad), die *Renaissance Spa* (Michelangelo Towers, Sandton) en die *Octavia's Sensorium Spa* (Emperor's Palace, Johannesburg). Hierdie luukse spa gaan sy deure binnekort aan die publiek oopgemaak as deel van produklewering by ***Lombardy Estate & Health Spa.***

Die nuwe *Soulstice Day Spa Pretoria* is 'n welkome aanvulling tot 'n reeds indrukwekkende landgoed. Die spa bied uitsluitlik die mees luukse dienste en behandelings asook 'n persoonlike interaksie tussen kliënte en spaterapeute, gekombineer met bekostigbare dog luukse velsorg- en lyfreekse wat innerlike en uiterlike welstand bevorder.

"Die aantrekkingskrag tussen *Lombardy Estate* en *Spas of Distinction* was onvermydelik! Ons handelsname streef albei uitmuntendheid, innovasie en fyn smaak na. Nes die huiseienaars by *Lombardy Estate*, daag ons onsself ook uit om net die beste na vore te bring in ons bedryf," sê Mark Barkett, eienaar van die *Spas of Distinction Collection*.

Die spa is ideaal geleë binne 15 minute van die middestad en met maklike toegang vanaf die welbekende Lynnwoodrylaan. Al die standaardgesondheid en –skoonheidspraktyke, soos masserings, gesigbehandelings, lyfbehandelings, manikure en pedikure sal beskikbaar gestel word — alles met onderskeiding uitgevoer.

Daar sal natuurlik meer as net die standaardbehandelings beskikbaar wees. 'n Totale oppervlak van ongeveer 1 200 vk m stel die *Soulstice Spa* by *Lombardy* in staat om 'n unieke reeks vernuwende terapiebehandelings aan te bied.

Soos die "Floatation Room", waar 'n halfuur se terapie gelykstaande aan vier ure se ononderbroke slaap gestel word, omring deur Ametiskristalle en strelende onderwater-musiek. En die "Amethyst Rasul Chamber", gebaseer op 'n tradisionele Turkse bad, waar die liggaam 'n holistiese detoksifikasie en reinigingsproses ondergaan, bestaande uit natuurlike medisinale aardklei, kruie-stoom en 'n tropiese reën-stort om onsuiwerhede uit te trek en weg te spoel.

Jy kan dit alles hier ervaar. Hetsy jy 'n verwagtende ma is wat smag na 'n laaste bederf of op soek is na 'n teen-sellulietbehandeling met byvoordele — die nuwe *Soulstice Day Spa* het die perfekte oplossing.

Ontspan in stoomkamers, saunas, paartjiesuites, 'n verhitte spa-swembad en besoek selfs die Spa Restaurant. Elke denkbare behandeling en ontspanningstegniek word in hierdie pragomgewing aangewend.

Met aankoms by die *Soulstice Spa* sal jy kompleet ligjare verwyder voel van die stadsgejaag. Tesame met die 100 hektaar oorspronklike platteland met 'n verskeidenheid inheemse bome, blomme en struike, vleilande, oop parke, vloeiende waterweë en omgewingsdeurlope, dra die natuurlike skoonheid van die landgoed by tot die ervaring.

Van die Frank Lloyd Wright-geïnspireerde argitektuur, met die breë stoepe en lae oorhangende dakke wat die omliggende omgewing beklemtoon, tot die 5-ster-hotel-en-konferensiesentrum. Dit alles verteenwoordig die perfekte metgesel vir 'n spa van hierdie kaliber.

Die huiseienaars is veral verheug oor die opening van die nuwe spa. Nie net verhoog dit die waarde van hul eiendom nie maar dit voeg ook 'n nuwe dimensie tot die kombinasie van die bestaande geriewe. Die eienaar het verder ook eksklusiewe pakkette en tariewe vir huiseienaars daar gestel. "Ek glo die huiseienaars van *Lombardy Estate* is die perfekte ambassadeurs vir ons luukse handelsnaam."






**Vir meer inligting oor die Soulstice Day Spa Pretoria besoek gerus www.soulsticedayspapta.co.za of indien jy meer oor Lombardy Estate and Health Spa wil uitvind, kontak Otto Pagel by 082 774 3755, Christo Steyn by 082 453 4304, Donovan Lallyett by 082 940 9265 of stuur 'n e-pos na info@lombardyestate.co.za.**

LOMBARDY
ESTATE & HEALTH SPA
www.lombardyestate.co.za

**Meenthuise vanaf R975 000 | Boetiekhuise vanaf R2 850 000 | Erwe vanaf R900 000**
(Pryse korrek met ter perse gaan)

WWW.SBRMIRUS.COM_LB00041_A